

**Maandag 28 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 6**

**Fokusgedeelte: Openbaring 6:1, 2**

**Die bestaan van die wêreld berus op die werk van die Lam**

**M**et verstomming sien Johannes 'n wit perd wat verskyn. In die boek Openbaring - soos in die hele Bybel - is 'n perd meestal 'n oorlogsdier. Vergelyk hiervoor die volgende in die Ou Testament: *Die perd help niks vir die oorwinning en red nie deur sy groot krag nie* (Ps. 33:17, 1953-vertaling); en: *Die perd word reggemaak vir die dag van die geveg, maar die oorwinning is deur die HERE* (Spr. 21:31, 1953-vertaling).

Hierdie perd wat tevoorskyn kom toe die eerste seël oopgemaak word, is 'n wit perd. Die eerste perd is wit - wit is die kleur van oorwinning (19:11). Let op na die wapentuig van hierdie ruiter: hy het nie 'n swaard gehad nie. Hy het 'n boog. 'n Swaard is 'n wapen wat die onafwendbaarheid van die dood simboliseer. 'n Boog is 'n wapen wat kan doodmaak, maar wat die simbool weergee dat dit oor 'n lang afstand kan tref. Dit kan oor 'n lang afstand die teiken bereik en sy letsel laat.

Die ruiter se wapen is die evangelie van verlossing in Jesus Christus, wat oor die aarde gaan om in mense in te dring en hulle te oorwin vir die Here Jesus Christus. Al is die oorwinning behaal deur 'n oorlogswapen, word die behoud van die gelowige juis hierin geopenbaar. Die evangelie is soos 'n pyl en boog wat die hart van die mens tref wat vir die Lam gewen word. In dié geval is die pyl deur die hart nie tot die ewige dood nie, maar tot die ewige lewe.

Die ruiter het dus, behalwe die boog, ook nog 'n oorwinnaarskroon (*stefanos*). Dit is klaar die teken/openbaring/seël van sy oorwinning.

*Sing: Skrifberyming 6-2:3*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*